

LEWE, STERWE, BEGRAWE, OPSTANDING, KOMS

 Suster McPherson het haar pad deur daardie deurtjie gevind om hier op die platvorm uit te kom, en haar herinneringe leef steeds hierrond, is ek seker.

² Ek het op 'n vakansietjie gegaan, omtrent drie dae en afgegaan na Florida, visgevang. Ek probeer my stem 'n bietjie laat rus. So, ek het nogal 'n ondervinding daaronder gehad, ek het gedink miskien sal ek dit net soort van vir julle vertel vanaand. Ons het visgevang agter in die Okeechobee moerasse, en ek het 'n mooi string visse gevang. En daar was een van die broers wat saam met my was, Broer Evans van Tifton, Georgia. Hy het 'n broer gehad wat daaronder gewoon het, en naby die moeras, en hy het die heeltid in die moeras visgevang, en hy het my vir geruime tyd gevra om soontoe te gaan. So, onlangs was ek by Broer Theo Jones se plek. En daardie oggend moes ek ontbyt eet saam met—saam met Broer Evans.

³ Terwyl ek gereedgemaak het om die kamer te verlaat, het ek 'n visioen gesien van Broer Evans wat 'n sak vis probeer wegsteek vir die wildbewaarder, so ek—ek het gesê: “Broer Evans, ek wil nie jou gevoelens seermaak nie, maar waar jy visvang, is dit nie soort van moerasse nie?”

Hy het gesê: “Dis reg.”

⁴ Ek het gesê: “Jy, en twee van jou seuns, en 'n ander kêrel was net onlangs daar, en jy het sak vol vis gehad, en jy was bang dat die wildbewaarder jou sou vang, en jy het daardie vis vyf keer weggesteek voor jy daar uitgekome het.”

En hy het gesê: “Dis presies reg.”

⁵ So, sy broer het visgevang 'n week of twee tevore, en, of 'n maand of twee, verskoon my, en hy is gebyt deur 'n grondratelslang, dis bietjie 'n ander ratelslang as die diamantrug wat julle hier het, maar hy's baie giftig. Ek reken die seun se liggaam was twee keer sy grootte opgeswel, en hulle het hom onder mediese behandeling gehad, hy was 'n sondaar, nie 'n Christen nie. So, hy het 'n vreeslike tyd gehad, hy het weer uitgekome, en sy been was in gips van waar die slang het. . . Hulle het gedink hulle sal dalk daardie been moet amputeer, so erg was dit.

⁶ Toe terwyl ons daarbuite was, het sy Christenbroer langs my visgevang, en ek het 'n groot vis aan die lyn gehad en net 'n klein stokkie, met my wat op-en-af in die moerasse loop om hom aan

wal te probeer bring. En toe ek hom moeg gekry het en tot op die rand van die onkruid, wel, het Mnr. Evans gesê: “Net ’n oomblik, Broer Branham,” en hy het sy skoene uitgetrek en sy broekspype opgerol, gesê: “Ek sal dit vir jou vang.” En hy het uitgehardloop, en soos hy begin gaan het, het ’n groot ou, roesbruin ratelslang hom gegryp.

7 En hy het ’n gil gegee en teruggehardloop na die wal, en gesê gevoel asof die bene in sy been net ys geword het, dit het so erg gepyn. Wel, as enigiemand weet wat ’n slangbyt is, jy word dadelik siek.

8 So ek het gedink, wel, as ek hom daardie twee myl moes dra, met hom wat ’n baie groter man is as ek, hoe sou ek hom uit daardie moeras uitkry? En dit het net toe by my opgekom, hierdie Skrif: “En hulle sal op die koppe van slange en skerpioene trap.” En ek het gesê: “Net ’n oomblik, Broer Evans, ek . . .”

9 En my hand oorkant op die plek gesit waar die twee tande ingegaan het en die bietjie bloed wat uit die gate geloop het waar die ratelslang hom gebyt het, ek het gesê: “Hemelse Vader, U Woord, in U Woord, sê dit dat hulle op die koppe van slange sal trap en dit hulle nie sal skaad nie.”

10 Ek het dit skaars gesê, totdat, Hy moes daar iewers gestaan het, en Hy het gehoor die Woord word aangehaal, en al die pyne het onmiddellik verdwyn. Ons het visgevang vir die res van die dag, ingegaan daardie aand, en sy broer het gesê: “Kom jy by die hospitaal net so gou as wat jy kan,” gesê: “want, o, dit mag enige tyd losbreek.”

11 En sy Christenbroer het gesê: “As God sover vir my gesorg het, sal Hy my die res van die pad deurneem.” En hy het nog nooit enige siek gevoel daarvan gehad nie.

12 Die Here Jesus het dit gedoen; dit betaal om ’n Christen te wees. Die sondaar is gebyt en het amper gesterf; die Christen is gebyt en hoef nie eens mediese behandeling te gekry het nie. Wys net, dat elke Woord in God se Boek waar is, elke Woord, elke hoofstuk, elke vers, elke reël is die waarheid.

13 Nou, ek . . . Hulle was so gaaf met ons hier by die tempel, hulle het vir my gesê om net te doen wat die Here my gelei het. Jy kan nie enigsins beter as dit wil hê nie, kan jy? En so het ek gesê: “Wel, ons sal . . .” Sommige aande sou ons met die gemeente praat, en hulle geloof probeer opbou, en dan ons gebedsrye begin, en vir die siekes bid, en net wat die Gees ook al sê om te doen, dit sal ons probeer doen.

14 Vanaand, het ek gedink, omdat ek moeg was en so pas ingekom het, sou ek net ’n rukkie met julle praat vanaand uit die Woord, julle nie lank hou nie, en net sodat ons die diens aan die gang kan kry.

15 En dan, as . . . Ek glo dat Los Angeles gereed is vir 'n outydse herlewing. Ek het altyd geglo dat God nog nooit vir Los Angeles gelos het nie, Hy het nog steeds Sy hand hier. Daar's soveel wat hiermee saamgaan. En soos hierdie tempel hier wat gebou is met gebed, en trane, en opoffering, en God kan net nie daardie dinge vergeet nie, en mans en vroue vandag wat arbei om dit so te hou. Kom ons sit ons skouers by hulle, die besoekers, saam met my, laat ons alles doen wat ons kan om siekes in te kry, en die beproefdes, en die sondaars. As ons die sondaars gered sal kry, sal 'n herlewing begin deurbreek, want dis die hoofsaak. God genees die siekes, ons weet dit, ons is nie bekommerd daaroor nie, Hy sal dit doen, maar om sondaars gered te kry, is waarmee ons wil begin.

16 Nou, net voor ons die Woord lees, laat ons met die Outeur praat, soos ons ons hoofde buig, as julle sal.

17 Mees genadige Vader, dit is 'n groot voorreg om te weet dat ons vanaand hierdie diens net in Skriftuurlike orde kan begin, want in die Skrifte lees ons dat musiek die stryd voorafgegaan het, hulle het die liedere gespeel, en dan het die verbondsark gevolg, en dan was die stryd aan. En vanaand, nadat die mooiste musiek gespeel is, en die liedere gesing is, nou sal ons die Woord bring, en mag die stryd dan aan wees.

18 Ons bid, O God, dat die Engele van God Hulle posisies sal inneem, in elke hoek, en in elke paadjie, en in elke sitplek in hierdie gebou. Mag daar sulke outydse oortuiging wees, tot daar nie een persoon in hierdie gebou kan loop as 'n sondaar en dieselfde manier kan uitgaan nie, mag wie ook al ongered inkom, mag God hulle red tot eer van Sy Koninkryk.

19 Ons sal ook bid, Here, dat U diegene sal onthou wat siek en behoeftig is, hulle wat beproef is, en U krag van genesing so genadiglik in hulle liggame nodig het. Hulle wil vir U werk, en hulle het, sonder twyfel, baie beloftes gemaak, en hulleself aan U toegewy, en in hulle toewyding, wat groot beloftes gemaak het dat hulle sekere dinge sou doen. Verhoor hulle gebede, Here, mag hierdie 'n tyd van besoek vir hulle wees.

20 Seën die tempel en alles waarvoor dit staan, en sy werkers. En ons bid, Here, dat—dat U 'n outydse herlewing sal stuur soos dit altyd was toe sy stigter gelewe het en in en uit hierdie gebou geloop het. As daar so-iets is soos sy wat in staat is om vanaand te hoor en in te kyk op hierdie toneel, is ek seker dit sou haar hartsbegeerte wees: om nog 'n herlewing in hierdie stad te sien wat sy liefgehad en bearbei het, en, met die mense. Skenk dit, Here. En ons sal ons oë sluit, en ons hoofde buig, en U prys. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

21 Net uit 'n aanhaling van die Woord hier wat in my gedagte opgekom het, wil ek graag 'n baie bekende Skrif lees, bekend

aan die, ek sou sê, die geringste van die klein kleuterskooltjie. Johannes 3:16:

Want so lief het God die wêreld gehad, dat hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat aan hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

22 En dan in die 22ste Psalm en die 11de vers, wil ek graag hierdie lees:

Wees nie ver van my af nie; want probleme is naby; en daar is geen helper nie.

23 En ek wil graag vir 'n teks neem vanaand, vyf woorde en net 'n paar oomblikke by hulle stilstaan, een van hulle is *Lewend*, en *Sterwend* is die tweede een, *Begrawe* is die derde een, *Opstanding* is die vierde een, *Koms* is die vyfde een: *Lewe*, *Sterwe*, *Begrawe*, *Opstanding*, *Koms*. Dis genoeg om my hier te hou tot môre-oggend, maar, en dan nie, glad nie behoorlik by die teks uit te kom nie. Maar ons sal net oor elkeen praat vir 'n paar oomblikke.

24 Ek dink dat hierdie woorde wat Dawid hier geskryf het toe hy hierdie 22ste Psalm geskryf het, begin met die uitroep van Christus op Gólgota: "My God, My God, waarom het U My verlaat?"

25 Die rede waarom ek dit gekies het: Pase is so pas verby en die—die mense voel steeds die impak van daardie groot dag van toe God bewys het dat Jesus Sy Seun was, deur Hom op die derde dag op te wek volgens die Skrifte. En in die lewe, was Hy liefde. Die digter het dit uitgedruk toe hy gesê het:

Lewend, het Hy my liefgehad; sterwend, het Hy my gered;
Begrawe, het Hy my sondes ver weggedra;
Opgestaan, het Hy vrylik regverdig vir ewig:
Eendag, kom Hy—o, glorieryke dag!

26 En toe Hy gelewe het, het Hy liefgehad, want Hy was God, en God is liefde. En daar kan nooit enigiemand wees wat kan liefhê soos Jesus liefgehad het nie. Vanaf die heel eerste keer wat Sy klein, babahandjies daardie mooi wange van Sy pragtige moeder gestreel het, was Hy liefde van daar af totdat Hy Sy laaste vyand aan die kruis vergewe het. Hy was God se uitdrukking van liefde, niemand kon liefhê soos Jesus nie. God wat gemanifesteer is in 'n klein Babatjie, gekom het om die sondes van die wêreld weg te neem.

27 En wanneer jy net die Woord *Jesus* sê, is daar iets Daaraan wat "liefde" beteken. Dis wat die wêreld vandag meer nodig het, is nie 'n—'n Jesus van een of ander verlede tyd, een of ander Jesus van een of ander hoë etiek nie, maar 'n Jesus van liefde, wat uitgedruk kan word in die kerk van die Here Jesus, veral as

Sy lidmate, een vir die ander behoort mekaar altyd in liefde te groet.

²⁸ Deur te reis, dink ek as daar enige groot ding is wat ek in die kerk sien ontbreek vandag, om, een van die grootste hindernisse in die kerk vandag wat 'n herlewing keer, is 'n gebrek aan daardie goddelike liefde wat Christus uitgedruk het toe Hy hier op aarde was. Dis maklik vir my en jou om iemand lief te hê wat ons liefhet, maar Jesus het nie daardie soort liefde gehad nie, Hy het God se liefde gehad, en God het Sy vyande liefgehad. Want so lief het God die wêreld gehad, toe die wêreld onbeminlik was, het God nog steeds die wêreld liefgehad. Dis anders, selfs in die uitdrukking in die—die woorde, die—die *phileo* liefde, soos ons vir mekaar het, maar die *Agapao* liefde is 'n Goddelike liefde.

²⁹ En as daar enigiets is wat ek glo wat 'n herlewing sou laat begin in Los Angeles, sou 'n tyd wees dat ons almal ons verskillende grense kon afbreek en bymeekaarkom as Christene in liefde, dis die Pinksters, die Baptiste, en die Presbiteriane, en ons almal saam kon betoon aan die wêreld dat ons liefde vir mekaar het.

³⁰ Jesus het daardie gebed gebid dat ons mekaar kon liefhê soos Hy ons liefgehad het, *soos Hy ons liefgehad het!* En Hy het ons so liefgehad dat Hy vir ons gesterf het. Niemand kon so liefhê, tensy hulle . . . met die natuurlike liefde nie, want dit sou nie hou nie, dit sal nie ditself uitdruk nie. Dit sal hou solank daar vriendskap daaraan verbonde is, maar wanneer die vriendskappe draai, dan begin mense sê: “Wel, hy het *so-en-so* gemaak. Sy het *so-en-so* gemaak. Hulle is afvallig, hulle . . .”

³¹ Ware goddelike liefde gaan agter daardie afvallige aan totdat dit hom vind; Goddelike liefde gaan en daal tot die laagste van die hel om 'n man of vrou op te tel wat geval het. Dis wat ons vandag kortkom. Ons het 'n goeie beskaafde kerk, geleerd, welgekleed, mooi geboue, mooi kore, pragtige musiek, van die beste wat die wêreld ooit gehad het, maar ons sterf vir bietjie van daardie goddelike liefde.

³² Jesus het dit goed uitgedruk toe Hy die prostituut gevind het, skuldig voor Hom van 'n owerspel. En hulle het haar voor Hom gesleep, en gesê: “Nou, die wet vereis dat sy sterf. Wat sê jy om daaraan te doen?”

³³ Ek sê julle, Hy het Homself gewys wat Hy was toe Hy omgedraai het met hierdie Woorde: “Ek veroordeel jou ook nie: gaan, en sondig nie meer nie.” Wat kan meer liefde wees as om 'n verlore persoon soos daardie te neem, en te sien Wie Hy was, en die vrou vrylik te vergewe van haar verkeerde?

³⁴ Hy het dit weer grootliks uitgedruk toe Hy op Gólgota gesterf het in Sy laaste Woorde aan die kruis, en Sy vyande se spoeg wat aan Sy gesig hang, het Hy uitgeroep: “Vader, vergewe hulle; want hulle weet nie wat hulle doen nie.”

35 Niemand kon liefhê soos Hy nie. Jy kan nie daardie soort liefde vervaardig nie, dis die gawe van God wat kom deur die Heilige Gees, is die enigste manier wat jy ooit in staat sal wees om daardie liefde te hê. “Al sou ek die tale van mense en Engele spreek, en nie daardie soort liefde hê nie, is ek niks, al het ek geloof om berge te versit,” het die Bybel gesê.

36 Ek het 'n paar dae gelede hier oor die Skrif gepraat: “Nou is die poort, en smal is die weg, en min is daar wat dit sal vind.” En 'n jong man wat saam met my in die motor gery het, het gesê: “Hoeveel sou jy sê sou gered word in hierdie geslag?”

Ek het gesê: “Agt of tien.”

“O,” het hy gesê: “moet dit nie sê nie, broer!”

Ek sal sê: “Ek sal dit tot vyftig verleng, en dis so ver as wat ek kan gaan.”

Hy het gesê: “Vyftig mense?”

37 Ek het gesê: “Jesus het gesê toe Hy op aarde was: ‘Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens.’ Dae van Noag, was daar agt siele gered.” Nou, onthou 'n geslag vervaag elke dag, beëindig daardie geslag. Neem vyftig per dag vir sesduisend jaar en kyk wat jy het.

38 En hy het gesê: “Wel dan, Broer Branham, wil ek jou graag hierdie vraag vra: Al die mense wat aanspraak maak om die Heilige Gees te hê, ensovoorts, sal hulle nie in die opstanding kom nie?”

39 Ek het gesê: “As hulle die Heilige Gees gehad het. Maar waarop ons te veel klem geplaas het, is op ander dinge in plaas van die ware ding: die liefde van God.”

40 Paulus het gesê: “Al hierdie dinge kan gebeur, ek kan alle wysheid hê, alle kennis, en tog nie liefde hê nie, baat dit my niks. Ek kan in tale praat soos mense en Engele, en dit steeds nie hê nie.” En ons plaas soveel klem op hierdie dinge, op groot genesingsherlewings, en wonderwerke wat gedoen word.

41 Het Jesus nie gesê nie: “Baie sal na My toe kom in daardie dag, en sê: ‘Here, Here, het ek nie duiwels uitgedryf in U Naam nie? In U Naam, het ek nie baie magtige werke gedoen nie?’ Ek sal vir hulle sê: ‘Gaan weg van My af, julle werkers van ongeregtheid, Ek het julle nie eens geken nie.’”

42 Wat 'n teleurstelling sal dit wees! Maar kyk watter verrassing sal dit wees wanneer Hy gesê het: diegene wat nie eens gedink het hulle verdien om daar te wees nie, “Wanneer was U honger en het ons U gevoed? Wanneer was U nakend en het ons U klere gegee? Ons het nie geweet toe U dit gedoen het nie.”

Hy het gesê: “Insoverre julle dit aan hierdie gedoen het, het julle dit aan My gedoen.”

43 O, hoe die wêreld iets nodig het vandag! Ek sal julle 'n klein uitdrukking gee om dit op te klaar. In Eségiël die 9de hoofstuk, dink ek is dit, toe die Heilige Gees uitgestuur is om die mense te verseël wat in daardie dag sou gaan, het Hy gesê: “Gaan deur die stad en plaas 'n merk op die voorhoof van hulle wat sug en steun vir die gruwels wat in die stad gedoen word.”

44 Toe aan die Engele wat verbrysel: “Gaan agter hulle aan, en vernietig alles wat nie hierdie seël het nie.”

45 Nou, neem dit op jouself, en gaan deur Los Angeles vanaand, en merk jy, in die Naam van die Here Jesus, elke persoon wat so besorg is oor die sondes van die stad totdat hulle sug en steun, dag en nag, vir die gruwels wat gedoen word, bring vir my agt hiernatoe môre-aand. Goed, julle sien waarnatoe ons gaan, ons laat ander dinge inkom om die plek van die regte ding in te neem, dis liefde wat ons uitlaat.

46 “Lewend, het Hy my liefgehad.” Hy het vir my gesterf toe ek 'n sondaar was, toe ek onbeminlik was, het Hy my in elk geval liefgehad. My gebed is vir die Kerk dat ons sulke liefde kan hê, dat ons mense sal liefhê of hulle ons liefhet of nie. Dis wat die Kerk vandag nodig het, is om 'n liefde te betoon, selfs aan 'n man wat in jou gesig kon spoeg, en jy kan steeds met, nie uit 'n skynheilige standpunt nie, maar uit jou hart uit, vir daardie man se siel bid. Dis die soort herlewing wat ons nodig het hier in Los Angeles met daardie soort liefde gemanifesteer.

47 “Lewend, het Hy my liefgehad; sterwend, het Hy my gered.” Wonderlikste lewe wat ooit op aarde gelewe is, moes sterf toe Hy nog in Sy jeug was. Want God het gespreek, en Sy—Sy oordele moes—moes geregtigheid hê, want daar staan geskrywe: “Die dag dat jy daarvan eet, daardie dag sterf jy.” God se geregtigheid het die dood vereis.

48 En daar was niemand van ons wat vir mekaar kon sterf nie, geen mens kon dit doen nie. Hy was die enigste Mens wat daardie soort dood kon sterf, want ons is almal gebore in sonde, gevorm in ongeregtegtigheid, na die wêreld gekom en leuens gespreek. Ons was skuldig van die begin af, so hoe kon 'n goeie man sterf vir 'n ander man wanneer hy self skuldig was? Daar kon nie enige van ons daardie soort posisie inneem nie, so dit moes Sy dood neem.

49 En God het afgekom en is gemanifesteer in die vlees om 'n dood te sterf. God kon nie in Gees sterf nie, want God is Ewig, en Gees sterf nie. Maar Hy was God, en Hy moes Homself ontvou, en—en van die Heerlikheid na 'n krip toe kom, en die vorm van sondige vlees aanneem ten einde te sterf om Sy Kerk te beveilig, of om Sy Kerk te verlos, om hulle weer met Homself te versoen. O, broer, suster, daar's niemand wat dit kon verduidelik, wat God gedoen het toe Hy vir ons gesterf het nie, Sy vlees is doodgemaak.

50 In die Skrifte in die Ou Testament, by die sondoffer, wanneer hulle twee bokke geneem het, en hierdie bokke, en Jesus het albei

van hulle verteenwoordig, of hulle het Hom verteenwoordig, liewer. En een bok is doodgemaak, en die ander was, die sondes van die volk is op hierdie bok geplaas, die sondebok genoem. En daardie bok moes uitgaan in die wildernis om te sterf, en alleen daarbuite te wees onder die ondiere, ensovoorts. Jesus moes daardie—daardie bok wees.

⁵¹ Ek wil hê julle moet oplet: Hy was 'n Lam, Hy was Skaap, maar Hy is bok gemaak vir my en jou, sodat ons wat bok was, skaap kon word. Ons, as sondaars, skuldig aan die dood, onderworpe aan die dood, en totaal uitverkoop aan die oordeel, tog, het Christus ek geword, dat ek, deur Sy genade, Hy mag word, 'n seun van God, wat sit aan die regterhand van God in die Heerlikheid.

⁵² Die liefde wat Hy gehad het, hoe Hy dit uitgedruk het, hoe Hy Homself moes maak wat Hy was om te sterf om ons te red. In Sy dood, toe Hy op Gólgota gesterf het, was daar nooit 'n dood wat so 'n dood kon wees nie. Daar word vir ons vertel dat toe die Romeinse soldaat Sy sy deurboor het, daar water en Bloed uit Sy sy gekom het.

⁵³ En ek het eenkeer 'n chemikus gevra: “Wat het gebeur toe daardie . . .?”

⁵⁴ En hierdie kêrel, as 'n Christen, het vir my gesê: “Dit was nie . . . Jesus het nie gesterf omdat die spies Sy sy geraak het, of, Sy sy deurboor het nie.” Gesê: “Jesus was al 'n lang tyd voor dit dood, maar Hy het van hartseer gesterf. Die swaard het Hom nooit doodgemaak nie, dit was ook nie dié, die inkap van die spykers nie, maar dit was hartseer wat Hom doodgemaak het. Toe Hy uitgekyk het na hulle vir wie Hy liefgehad het, en hulle vir wie Hy Sy wonderwerke gedoen het, en hulle aan wie Hy Sy liefde betoon en gevoed het, en gesien het dat hulle Hom geweier het!”

⁵⁵ Ek en jy mag hartseer wees, ons mag rou, maar ons kan nooit so hartseer wees nie, want ons is nie gemaak van daardie soort materiaal wat ons soveel hartseer kan hê nie, want die volheid van God het in Hom gewoon: “In Hom woon die volheid van die Godheid liggaamlik.” God het Sy liefde uitgedruk deur menslike vlees, die tabernakel waarin Hy gewoon het, in Sy Eie Seun, wat Hy van die wêreld gedink het.

⁵⁶ Daar het Hy daar op Gólgota se kruis gehang, nie soos julle Hom op 'n kruis sien met die lappie om Sy lendene gedraai nie, hulle het Hom nakend uitgetrek, hulle het Hom in 'n verleentheid gebring met alles waarmee hulle Hom in 'n verleentheid kon bring, en Hom daar op Gólgota gehang. En Hy was onteer, en verag, en verwerp, en op gespoeg, en daar het Hy gehang, sterwend, die God van die Ewigheid, die Een wat die kruis gemaak het waarop Hy gehang het.

57 Geen wonder die rotse het uit die berge geskeur nie. Die rotse het uitgekóm, want die Rots van die Eeue is opgerig. Geen wonder die digter het gesê nie:

Tussen geskeurde rotse en donker hemele,
 Het my Verlosser Sy hoof gebuig en gesterf;
 Die geskeurde voorhangsel het die weg
 oopgemaak
 Na die Hemel se vreugdes en eindelose dag.

58 Wat het dit gedoen toe Hy daar gesterf het soos daardie? Dit het die voorhangsel oopgemaak, dit laat ons verby die tydsgordyn kyk, laat ons 'n—'n hoop daar sien.

59 Wanneer ek Hom sien gekneus word, en—en verbrysel, en spoeg, en dorings en spykers deur Hom geslaan word, wat het dit gedoen? Dit het die weg oopgemaak wat ek, 'n skuldige sondaar, ek weet dat Hy die prys daar betaal het.

60 Ek word nie geregverdig deur enigiets wat ek kan doen nie, niks van my goedheid nie, ek het niks, julle ook nie, maar dis deur Sy offerandes, deur Sy dood word ons geregverdig deur aan Hom te glo. Daar is waar ons geregtigheid staan, nie wat ek doen, of wat jy doen nie, maar wat Hy vir ons gedoen het. Dit nie die Evangelieverhaal is nie, ken ek dit nie. O, gee my dit, en neem al die res daarvan weg. Daardie Een sien Wat vir my gesterf het!

61 Hoe kan ek regverdig wees? Ek—ek kan nie myself regverdig nie, ek's 'n sondaar, maar wanneer ek na Hom kyk en kom sing:

Niks in my arms bring ek nie,
 Net aan U kruis klou ek vas.

62 Dis waar ek geregverdig word, deur my geloof, in die geloof dat Hy in my plek gesterf het en my plek ingeneem het op Gólgota.

63 Dis alleen waar ek op die platvorm staan wanneer demoniese magte daar is, en ek dood aan die mense sien hang, en die duiwel hulle gebind en in besit geneem het, en party van hulle in dwangbuise en—en wagt rondom hulle. Waarop staan ek dan? Ek kyk na Gólgota, en weet dat Jesus Christus die prys betaal het. Ek voel godsdienstig.

64 Daar het Hy dit gedoen. Daardie persoon het 'n reg om vry te wees, Satan hou hulle nie langer vas nie. As jy hulle kon laat sien, nie hulle skete en hulle pyne, of een of ander prediker wat vir hulle bid, of een of ander heilige kerk nie, dis alles in die haak, dit gaan daarmee saam, maar die hoofsaak is om te sien wat Christus vir jou gedoen het. Jy is vry, Christus het vir jou gesterf. Amen. Dis die Evangelie.

Tussen skeurende rotse en donker hemele,
 Het my Verlosser Sy hoof gebuig en gesterf;
 Die geskeurde voorhangsel het die weg
 oopgemaak

Na die Hemel se vreugde en eindelose dag.

⁶⁵ Dis waar Hy gesterf het. “Lewend, het Hy my liefgehad; sterwend, het Hy my gered.” Hoe kan ek gered word? Raak ontslae van sonde. Hy was die Sondoffer vir my en so het Hy gesterf, nou, as sonde dood is, dan: “Begrawe, het Hy my sondes ver weggedra.” Hy was die Sondebok wat uitgegaan het. En die sondebok het die sondes van die mense op hom geneem en uitgegaan in die wildernis om te wees, om te sterf, daar uitgegaan en die sondes van die mense geneem en hulle ver weggeneem. So het Jesus, Hy was. . . Hy—Hy het die sondes van die mense geneem, en hulle ver weggedra, so ver dat Hy hulle in die See van God se Vergetelheid gesit het. As sonde dood is, begrawe dit. Dis hoekom ons doopbaddens het.

⁶⁶ Wanneer mense daardie storie glo, kom hulle en bely hulle sondes dat hulle moeg is daarvan, hulle het egskeiding gekry daarvan, hulle het daarvan weggegaan, en hulle is moeg daarvoor, so dis dood. En sonde het geen krag meer op daardie gelowige nie, want hy staan geregverdig in die dood en begrafnis van Jesus Christus. Daarom loop hy na die altaar toe, maak sy belydenis, sê: “Ek is siek en sat vir sonde, ek wil dit nie meer hê nie.” Dan begrawe ons dit.

⁶⁷ Wanneer sonde begrawe is, enigiets wat begrawe is, dis—dis eers dood, dan word dit begrawe, dit word uit die aangesig verwyder. Dis hoekom ons mense begrawe, om hulle uit die aangesig te verwyder, die besmetting van hulle liggame, hulle weg te steek van ons. Dis ’n somber ding om te sien wat die dood doen.

⁶⁸ En wanneer sonde klaar is, wanneer sonde sy houvas verloor het, en dit het gesterf in die dood van Christus op Gólgota waar Hy sonde veroordeel het, dan kan die sondaar wat dit aanvaar, geregverdig deur geloof, skree: “Halleluja! Want God het my sondes ver weggedra. Hy het hulle op my Sonedraer, Jesus Christus, geplaas.” Hy het beide die diere verteenwoordig, beide wat sterf, en wat die sonde wegneem.

⁶⁹ Toe, soos ek ’n paar oomblikke gelede gesê het, het Hy geword. . . Ons het geword. . . Ons was bokke, Hy het bok geword vir ons. As. . . Hy het sonde geword vir ons. Dis waarom Hy gestraf moes word soos Hy was, omdat al ons sondes op Hom geplaas is, en daar moes Hy hulle wegdra in Sy Eie liggaam na Gólgota, ’n smaad, ’n skande, in sonde daar hang, nakend, ontklee, bloeiende, blêrende.

⁷⁰ Toe Hy Sy kosbare hoof rondgerol het, het die Bloederige lokke van Sy skouers afgeval, ek dink dit was Billy Sunday wat gesê het daar was ’n Engel wat in elke boom gesit het, wat sê: “Trek net U hande los van die kruis, en wuif net U vinger, ons sal die toneel verander.”

71 Die Jode het Hom die grootste kompliment gegee wat gegee kon word, sonder om te weet wat hulle gedoen het, hulle het gesê: “Hy het ander gered, homself kan hy nie red nie.” Sekerlik nie. As Hy Homself gered het, kon Hy nie ander red nie, maar Hy het Homself gegee sodat ons gered kan word. Dis die storie.

Lewend, het Hy my liefgehad; sterwend, het Hy my gered;
Begrawe, het Hy my sondes ver weggedra.

72 Hulle is gedaan, hulle is klaar, God se See van Vergetelheid om nie meer teen ons onthou te word nie. O, kan ons nie skree: “Halleluja!” daarvoor nie? Sekerlik, dis alles verby, Christus het dit gedoen. O, goeiste! Ons kan, beslis.

73 Nou, hier kom die grootste van almal: “Opgestaan, het Hy geregverdig.” Al hierdie groot dinge wat Hy gedoen het, was wonderlik, hulle is voortreflik, daar’s niks wat daarby gevoeg kan word nie, maar tog, kon ’n mens sterf, tog kon ’n mens ly, tog kon ’n mens liefhê, maar toe Hy opgestaan het, het God die kwitansie uitgeskryf in Sy opstanding dat Hy dit ontvang het, God se geregtigheid is nagekom. O, dank God! “Opgestaan, het Hy geregverdig.”

74 God het bewys deur die opstanding dat Hy nie onbetroubaar was nie, Hy nie vals was nie, dit Sy Seun was. En Hy het Hom opgewek, die Gees, die Ewige Gees, Jehova God, die Vader van ons Here Jesus Christus, Wat daardie dooie vorm daar in die graf opgewek het, dood was vir drie dae en begrawe, en God het Hom opgewek op die Paasoggend om te regverdig.

75 Dan wanneer ons kom, broer, in God inkom, is daar nie een ding. . . Hy wat kom, moet met vrymoedigheid na die troon van genade kom, jy moenie kom en wonder nie. Wanneer jy in die gebedsry kom, moet jy nie kom en wonder: “Wel, as hierdie prediker vir my sal bid, dalk, miskien het hy genesingskrag,” nie.

76 Broer, suster, genesingskrag is in God, dis in kruis, in die voltooide werk van Gólgota. Wanneer jy kom, kom om geregverdig te word. Jy is geregverdig wanneer jy jou geloof bely, dat: “Deur Sy wonde het daar vir my genesing gekom. Ek gaan staan. Die dokter sê ek’s sterwend. Ek het gewas. Ek het TB,” of wat dit ook al is. “Maar vanaand staan ek, omdat ek glo dat Hy my liefgehad en vir my gesterf en my gered en my sondes ver weg begrawe het.”

77 En God het ons geregverdig deur in Hom te glo toe Hy Hom uit die dood opgewek het, Hy het alles aanvaar waarvoor Hy gesterf het. “Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, ter wille van ons ongeregthede verbrysel, die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.” En Hy het Hom opgewek en die kwitansie uitgeskryf.

⁷⁸ Dit was God se kwitansie, toe die aarde begin bewe en skud en die son begin donker word het, of, die aarde verlig het op daardie Paasoggend, die Hemel het geskud, hel het geskud, Paradys het geskud, die aarde het geskud, iets het plaasgevind.

⁷⁹ Ek kan die Engele in die Heerlikheid hoor skree: "Halleluja!" Ek kan hulle in die Paradys hoor, die ou heiliges van die Ou Testament wat uitroep: "Prys Sy Naam!" Sekerlik. Iets het gebeur toe Hy opgestaan het uit die graf.

⁸⁰ Hy het die triomf oor die graf, dood, hel, siekte, elke versperring, uitgebring, alles wat in die pad van volmaakte vryheid staan vir die Christen. Alles wat jy nodig het, is voor gesorg, dit was klaar voor gely, klaar aanvaar, klaar voor gebloei, klaar gesterf, klaar opgestaan, en God het Hom geregverdig; Hy regverdig jou om dit te glo. Op uit die graf het Hy opgestaan, bewys dat Hy God was.

⁸¹ Boeddha het 'n paar groot stellings gemaak, Boeddha het gesterf en is drie-en-twintighonderd jaar gelede, nog steeds daar; Mohammed het baie van die groot stellings gemaak, maar hy het gesterf en hy's in die graf, en is al vir omtrent amper negentienhonderd jaar daar, hy's in die graf, nooit daarna gepraat nie. Hulle mag groot manne gewees het. Confucius, die groot Chinese filosoof, baie van daardie groot manne, digters en skrywers, en gode, en wat nog, hulle mag groot gewees het in hulle standpunt, maar toe God Sy Seun opgewek het op Paasoggend, het Dit Dit bewys. En Hy het die Heilige Gees gestuur, en ons het nou die kwitansie daarvan, ek kan Hom hoor skree uit die Ewigheid: "Omdat Ek lewe, lewe julle ook!" Amen. Dis reg. "Omdat Ek lewe, lewe julle ook." Amen.

⁸² Want: "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Jy hoef nie te sterf voor jou tyd kom nie, omdat Hy lewe, lewe jy ook. Wanneer die dood my asem sal versmoor, sal ek nog steeds lewe. "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het die Ewige Lewe, en sal nooit in die Oordeel kom nie, maar het oorgestaan uit die dood in die Lewe. Ek is die Opstanding en die Lewe:" sê God: "hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe: wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie." Sjoe! Ek anker my siel net daar. Geen wonder die digter het geskryf nie:

Op daardie helder en wolkelose oggend
wanneer die dooies in Christus sal opstaan,
En in die heerlikheid van Sy opstanding deel;
Wanneer Sy uitverkorenes sal vergader na hul
Tuiste oorkant die hemele,
As die rol daar afgelees word, is ek daar.

Waarom?

Lewend, het Hy my liefgehad; sterwend, het Hy
my gered;

Begrawe, het Hy my sondes ver weggedra;
Opgestaan, het Hy vrylik regverdig vir ewig:
Eendag kom Hy—o, glorieryke dag!

⁸³ Ek kan my skouers sien krom word, my arms, waar daar altyd spiere was, word vet, en—en ek, o, ek kan sien ek's—ek's sterwend! Ek weet nie hoe lank dit sal wees voor Hy my sal roep nie, maar ek het Ewige Lewe *hierbinne*, omdat Hy vir my gesterf het, dat Hy hierdie kon verlos wat ek aan Hom aangebied het. Een glorieryke dag kom Hy, ek glo dit met my hele hart.

⁸⁴ Ek sal bly op die slagveld deur Sy genade, ek sal preek, bid vir die siekes totdat die dood my sal vrystel, en dan Huis toe gaan, 'n kroon te dra, want Hy het daarvoor betaal, dit vrylik gegee. God het my geloof geregverdig toe Hy Jesus opgewek het, dan het ek 'n kroon wat wag.

⁸⁵ Veertig dae nadat Hy Sy dissipels besoek het, staan Hy oorkant op die berg. Julle weet, swaartekrag is wat ons op die aarde hou, wanneer ons hier op die aarde is, is dit swaartekrag wat ons vashou. Maar weet julle wat? God het 'n idee gekry vir Hom om 'n bietjie hoër op te kom, swaartekrag het sy houvas begin verloor.

⁸⁶ God, ek—ek hoop dat ek so kan wees een van hierdie dae, en julle? Wanneer hierdie ou aardsgebonde toestand . . . Partymaal was ek in dienste totdat ek gedink het dit gaan op enige tyd plaasvind, dit net voel losbreek rondom jou. Een van hierdie dae sal dit dit doen.

⁸⁷ Maak nie saak nie, hulle kon jou in 'n graf sit, en 'n grafsteen bo-op jou sit, en jou verseël, dit sal nie een ding daarmee te doen hê nie: “Die basuin van God sal blaas, en die dooies in Christus sal opstaan.”

Eendag kom Hy—o, glorieryke dag! (Ja, Hy kom!)

⁸⁸ Swaartekrag het sy houvas begin verloor, Sy voete het begin opkrom, die aarde het begin deurskemer, maar met daardie: “Ek sal weer kom,” het Hy gesê: “en julle na My toe neem, dat waar Ek is, julle ook daar kan wees.” Ek's so bly, dat ek daardie lied met 'n opregte hart kan sing vanaand:

Lewend, het *Hy* my liefgehad; sterwend, het *Hy* my gered;
Begrawe, het *Hy my* sondes ver weggedra;
Opgestaan, het Hy vrylik regverdig vir ewig:
Eendag kom Hy—o, glorieryke dag!

⁸⁹ Bring my na hierdie klein gedagtetjie, ek weet nie of ek dit al ooit gesê het, hierdie storiëtjie vertel het wat ek eenkeer uit 'n boek gelees het nie, oor 'n man hier in Amerika, sy naam is Greenfield. Hy is nou omtrent vyf-en-sewentig jaar dood, reken ek, hy het gesterf, o, ek reken hy's . . . miskien langer as dit. Maar

voor hy gesterf het, het hy 'n droom gedroom, dat hy na die Heerlikheid gegaan het. Toe hy daarbo gekom het, het hy deur die poort gegaan, en hy het vir die heilige gesê: “Ek’s Danny Greenfield,” hy het gesê: “Ek’s ’n evangelis, ek kom om my plek in te neem.”

⁹⁰ Hy het gesê: “Net ’n oomblik, meneer, jou naam moet hier op die Boek wees.” Hy het in die Boek gekyk, en hy het gesê: “Daar’s geen Greenfield, Daniel Greenfield hier nie.”

Hy het gesê: “O, jy moet verkeerd wees, meneer!” Hy het gesê: “Ek was ’n evangelis in Amerika.”

Gesê: “Nee. Dis nie hier nie.”

Gesê: “Wat kan ek doen?”

Gesê: “As jy wil, kan jy jou saak appelleer voor die Groot Wit Troon Oordeel.”

So hy het gesê: “Dis al wat ek oorhet.”

⁹¹ So, hy het gesê dit het gelyk asof hy deur die lug gaan vir ’n rukkie, ligter en ligter begin word. Naderhand toe hy ligter geword het, het hy stadiger geraak totdat hy gestop het, hy kon nie sien presies waar die Lig vandaan gekom het nie, maar dit was oral rondom hom. En gesê hy het ’n Stem gehoor wat gesê het: “Wie is hierdie wat My troon van geregtigheid nader?”

⁹² Hy het gesê: “Ek’s Daniel Greenfield.” Gesê: “Ek was bo by die Hemelpoorte, en die—die hekwag het my weggewys, en gesê ek sou voor U oordeel moes staan. En ek sal my saak appelleer om hier te staan, Meneer.”

⁹³ Gesê: “Goed, Ek sal jou dan oordeel volgens My geregtigheid.” Hy het gesê: “My geregtigheid vereis volmaaktheid.” Hy het gesê: “Het jy ooit gelieg toe jy op aarde was?”

⁹⁴ Hy het gesê: “Ek het gedink ek was ’n eerlike man en was opreg, maar,” gesê: “in die Teenwoordigheid van daardie Lig, het ek baiekeer gesien dat ek dinge vertel het wat nie reg was nie.”

⁹⁵ Kyk, vriend, ons mag elke Sondag kerk toe gaan, ons mag baie godsdienstig wees, o, sekerlik, jy mag jou tiendes betaal, en jy mag net so ’n goeie persoon wees as wat Los Angeles het, dit mag waar wees, maar ek sê jou, daar’s baie dinge wat voor jou gaan staan as dit al is wat jy het, wanneer jy staan by daardie Wit Troon Oordeel. Geen wonder daar sal min wees, wat gered sal word nie.

⁹⁶ En hy het gesê: “Ek het gedink ek het die waarheid vertel.” Maar gesê: “Ek het baie dinge gesien wat ek vertel het wat net nie reg was nie.” Hy het gesê: “Ja, ek—ek het leuens vertel.”

⁹⁷ Hy het gesê: “Dan, het jy ooit gesteel?”

⁹⁸ Hy het gedink: “Daar’s een wat ek kan antwoord.” Maar gesê in die Teenwoordigheid van daardie Lig, het hy baie klein

skelm tranksaksietjies gesien; hy het nooit daaraan gedink in die natuurlike lewe nie.

⁹⁹ Sien, ons is net aan die negatiewe kant, ons kyk met bedekte oë, maar wanneer ons daar in Sy Teenwoordigheid staan, gaan die bril afgehaal word. Ons sal Hom dan van aangesig tot aangesig sien, dis wanneer dit verskriklik gaan wees.

En hy het gesê: “Ja, ek—ek—ek—ek reken ek het gesteel.”

¹⁰⁰ Hy het gesê: “Daniel Greenfield, My geregtigheid vereis volmaaktheid! Was jy volmaak toe jy in jou lewe was?”

Hy het gesê: “Nee, Here, ek was nie volmaak nie.”

¹⁰¹ Gesê hy het gewag om daardie groot uitbarsting te hoor: “Gaan weg van My af, jou werker van ongeregtigheid!”

¹⁰² Gesê hy het 'n Stem gehoor, Dit was die soetste Stem wat hy ooit in sy lewe gehoor het. En hy het omgedraai om te kyk, hy het gesê hy het die liefdevolste gesig gesien wat hy ooit gesien het, gesê: “Geen moeder kon so kyk, of praat nie.” Gesê: “Soos Hy nader aan hom geloop het, het Hy Sy hand op sy skouer gesit, en Hy het vir Hom gesê: ‘Vader, dit is waar, Danny Greenfield, op sy aardse reis, was hy nie volmaak nie, maar daar’s een ding wat hy gedoen het toe hy op aarde was: hy het vir My gestaan. Nou terwyl hy hier in die Hemel is, sal Ek vir hom staan. Al sy sondes, sit dit op My rekening.’” En Hy het daarvoor betaal op Gólgota.

¹⁰³ Broer, suster, dis die Een waarop ek gaan staatmaak. Ek gaan nie daarop staatmaak of ek 'n Metodis, of 'n Baptis, of 'n Pinkster is nie, ek gaan nie daarop staatmaak of ek geskree het, of ek in tale gepraat het, of ek die gebed van geloof vir die siekes gebid het nie, ek—ek gaan nie daarop staatmaak nie, ek gaan staatmaak op my geloof oorkant, waar Hy my liefgehad en gesterf het, en my gered het, en: “Opgestaan, het Hy geregverdig.” Ek sal vir Hom staan op grond daarvan terwyl ek hier op aarde is, by daardie groot Oordeelsoggend, glo ek sal Hy vir my staan op daardie Dag. Wie sal vir jou staan daardie Dag? Kan jou pastoor? Kan jou kerk? Dink daaraan terwyl ons ons hoofde net 'n oomblik buig.

¹⁰⁴ Dierbare God, dit is 'n ernstige vraag wat ons net nou moet beantwoord: Wie sou vir ons staan? Sou dit wees die... ons vriende? Hoewel hulle so lojaal mag wees, en sou probeer so hard as wat hulle kon om vir ons te staan; dit mag ons geliefde pastoor wees, vir wie ons liefhet met ons hele harte, en hy sou staan en skree vir ons; tog, moet hy ook om genade uitroep. O, daar was, kon niemand daardie Dag staan behalwe Jesus nie.

¹⁰⁵ Dierbare God, ek het pas probeer praat van 'n liefde wat U vir U Kerk gegee het. Dit lyk asof hulle opgevang het met die wonderwerke van die Bybel, hulle opgevang het met die—die lidmaatskap, en die evangelisasie, en die sendelinge, en, maar

Here, laat hulle nou opvang met liefde wat die Kerk aan die brand sal steek met 'n ware Agapao liefde, met 'n ware heilige liefde, wat die wang kon draai, of die een wat gewillig sou wees om sy lewe neer te lê, as dit sou beteken om ander te red. God, gee ons daardie liefde in ons harte terwyl ons op U wag.

¹⁰⁶ Terwyl ons ons hoofde gebuig het, wonder ek vanaand, hoeveel in hierdie groot gehoor mense vanaand, net graag op jou voete wil staan, en sê: "Ek gaan net nou staan vir Jesus. En deur dit te doen, Here, wil ek hê U moet vir my staan op daardie Dag, want hierdie mag die laaste kans wees wat ek ooit kry om vir U te staan. Ek was in baie dienste, ek's 'n lidmaat van 'n kerk"? Miskien is jy, miskien is jy nie, wat die geval ook al is, sal jy net sê: "Here, ek sal net nou staan, en staan asseblief vir my op daardie Dag"? Staan op julle voete net nou, terwyl ons bid. Staan net op. Dis reg. God seën julle. Dis net goed. Goed.

Lewend, het Hy my liefgehad; sterwend, het Hy my gered;
 Begrawe, het Hy my sondes ver weggedra;
 Opgestaan, het Hy vrylik regverdig vir ewig;
 Eendag kom Hy—o, glorieryke dag!

¹⁰⁷ Die kapelaan wat hierbuite sit vanaand, hulle was in 'n groot vergadering van die wetenskap nou die dag. En julle het almal gesien die, ek dink dit was die *Look* tydskrif hierdie maand, hoedat generaal gesê het dat hierdie volgende oorlog net 'n paar minute sal wees. Net nou, kos dit net een van hulle om hulle doppie te blaas in een van hierdie, verskoon die uitdrukking, maar een van hierdie argumente wat hulle het, net een bom te laat afgaan. Daar is ons daarbuite in die oseaan met hierdie duikbote wat opkom; daar is hulle, alle verskillende plekke om daardie bomme te stuur, hier kom hulle *hiernatoe*, en hier kom hulle *daarnatoe*, die wêreld kan dit nie verduur nie. Sy kon gaan in die . . . Voor daardie horlosie nog twee minute slaan, kan hierdie hele ding verby wees.

¹⁰⁸ Moenie 'n kans vat nie. As jy nie seker is jy's reg nie. . . Ek wonder of ons suster vir ons 'n akkoord hiervan sal gee. Glo julle dat God my gebed vir julle sal hoor? Kom hier. Laat my. . . Ek—ek. . . Julle is net buite onder daardie ligte daarbuite, loop net 'n oomblik hiernatoe, sal julle? Kom reguit hiernatoe, laat ons hier staan en saam bid. Kom nou reguit vorentoe, as julle sal. Moenie gaan sit nie, beweeg net reguit hiernatoe, en staan hier, sê: "Ek was 'n kerklidmaat, ek's nie skaam nie, ek sal reguit hiernatoe kom en hier staan, ek wil kom, ek wil eerlik wees." Ons is. . . Julle sal 'n herlewings sien begin, as julle net die Gees van God in die mense kan sien inkom. God seën julle.

¹⁰⁹ As Hy my gebed sal verhoor om die oë van die blindes oop te maak (Sonder twyfel sal julle sien dat dit hierdie volgende paar dae gedoen word.), die gif van die slangbyt, deur gebed,

dit net doodstil stop. Ek het diegene gesien wat uit die sterflike lewe uitgegaan het, die dokters het hulle oë toegemaak en hulle hande gevou en weggestap, hulle weer lewendig sien opstaan. Wat? Deur gebed. Gebed beteken iets.

¹¹⁰ Ons sal vir julle wag op die balkonne, kom reguit af, laat ons hier staan en 'n gebed saam hê. Sal julle reguit afkom? Laat ons—laat ons saam bid, dis wat ons wil doen. Hoeveel wil graag daardie liefde hê? As jy nie 'n liefde in jou hart het vanaand, wat jy sug en steun oor die gruwels wat in hierdie stad gedoen word. . .

¹¹¹ Luister vriende, ek sal vra, enige student hier neem om—om—om dit te bespreek. Die Skrif het gesê dat die Engel van God net hulle wat geweene en gehuil het oor die gruwels wat daar in die stad gedoen word, kon verseël. Almal wat dit gelees het, sê: “Amen.” Daar is dit. Net hulle wat sug en steun oor die gruwels van die stad.

¹¹² “O,” sê jy: “ek was 'n lang tyd 'n Pinkster.”

¹¹³ Dis goed, ek was ook, maar broer, wat van daardie Gees van besorgdheid oor die verlore wêreld as jy besig is met die Vader se dinge.

¹¹⁴ Jy sê: “Wel, ek—ek—ek kry elke aand 'n seën.”

¹¹⁵ En as daardie goeie, nederige, soet, sagmoedige Gees nie op jou is nie (Wat is die vrugte van die Gees? Liefde, vrede, vreugde, lankmoedigheid, goedheid, sagmoedigheid, geduld.), moenie enige kans vat nie, môre-oggend mag te laat wees, 'n uur van nou af mag te laat wees. Hoekom kom julle nie nou voor daar enige genesingsdiens is, voor daar enigiets is nie? Kom reguit af, sê: “Here, ek wil regkom. Ek wil 'n Gees in my hê wat my sal laat liefhê. Ek wil 'n Gees in my hê wat my sal laat waardeer wat Jesus vir my gedoen het, insoverre dat my hart sag en liefdevol sal wees, en ek die mense uit my hart uit kan vergewe, nie omdat dit 'n plig is nie.”

¹¹⁶ Nou, daar's party van julle op die balkon wat behoort af te kom, uit te stap; jy mag net soveel treë tussen jou en die Hemel wees. Ek sê nie dit is nie, ek hoop dit is nie, maar dit mag net soveel wees, is al wat jy nodig het.

¹¹⁷ Wat sou jy vanaand gee, as Jesus. . .? As jy iets sou hoor gebeur, en 'n skudding sou hier iewers afgaan, een *hieragter*, en die radio's sou skree, en mense hardloop in die strate in, en die atoombomme val, die. . . Wel, dan is dit te laat.

¹¹⁸ Weet julle wat sou gebeur? Die Kerk sou. . . Die swaartekrag sou neem, sy houvas verslap, daardie Kerk sou weggeraap word net so seker as wat ek op hierdie preekstoel staan, die grafte sou oopgaan, die dooies sou uitkom, hulle sou gaan om die Here Jesus te ontmoet. Kerkklidmate by die tiene van duisende, ja, by die

tiene van miljoene wat agtergelaat sal word. Kom liewer, wees seker dat jy liefde in jou hart het.

¹¹⁹ Terwyl ons ons hoofde net 'n oomblik buig, terwyl ons wag terwyl ander afkom, laat die persoonlike werkers nou verbykom, ook, en julle wat naderkom om saam met ons te bid, komaan, sondaarvriend, komaan, afvallige, komaan, louwarm kerklidmaat, laat ons—laat ons saam Hemel toe gaan. Sal julle nou reguit hiernatoe kom vir hierdie gebed? Ek wil vir julle bid.

¹²⁰ Ek wil seker wees dat ek alles gedoen het wat ek kan doen, want ek glo dat hierdie week gaan wees—gaan wees, in hierdie komende week gaan 'n wonderlike tyd by hierdie tempel wees, as Jesus vertoef. En ek wil graag elke sonde gereinig sien word, graag al die ou somber duiwels weggeneem sien word. En die Kerk van die lewende God op hulle voete kon staan met ware Goddelike liefde, sal daar 'n skudding deur hierdie stad wees soos nog nooit tevore geken is nie, verlamdes, blindes, kreupeles, alles sou plaasvind.

¹²¹ Is julle klaar? Is julle nou seker? Hierdie—hierdie is . . . Julle is seker dat julle sondes so onder die Bloed is, en julle so 'n begeerte het in julle hart vir die sondes van hierdie stad dat julle elke nag, julle elke nag ween voor God: "O God!" En gedurende die dag, kyk julle en sien die mense op die manier wat in sonde lewe, dit bring trane teen julle wange en—en hartseer in julle hart soos julle kyk en net sien hoe sondig dit is.

¹²² Is dit die soort Gees wat in julle is? Dis die enigste soort wat verseël word deur die Heilige Gees; dis presies wat die Skrif sê. Diegene wat verseël was met die Heilige Gees, het daardie soort Gees in hulle gehad. En wat is die vrugte van daardie Gees? Liefde, lankmoedigheid, sagtheid, sagmoedigheid, geduld, vrede, in vrede met almal, of hulle van jou verskil, dis in die haak. Dis die soort kerk wat ons wil hê, dis die soort mense wat ons wil wees.

¹²³ Moet nou nie skaam wees nie, miskien voor môre-oggend, mag jy Hom roep om vir jou te staan. Wat sou Hy sê? "Jy weet Ek het met jou gepraat toe daardie prediker dit gisteraand gesê het by die Angelus Tempel. Hoekom het jy nie daar ondertoe gekom nie? Jy het jou laaste dag geweier."

¹²⁴ Wel, jy sê: "Broer Branham, ek was 'n kerklidmaat."

¹²⁵ Jesus het gesê: "Hulle sal kom en selfs sê," kêrels soos Tommy Osborn, Oral Roberts, William Branham, al die res van hulle wat uitgaan en genesingsdienste hou, baie van daardie kêrels sal in daardie Dag staan, sê: "'Here, ek—ek het duiwels uitgedryf in U Naam, ek het groot werke in U Naam gedoen.'"

Hy sal sê: "Ek het jou nooit eens geken nie."

¹²⁶ Sien, daardie gawes word deur geloof gedoen, maar liefde maak volmaak. Dis, liefde is wat dit doen. Liefde is wat ons met

God saamsmelt, ons een maak in eenheid, een van hart, een in Gees.

Lewend, het Hy my liefgehad; sterwend, het Hy my gered;

Kan ek Hom waardeer!

Begrawe, het Hy my sondes ver weggedra;
Opgestaan, het Hy vrylik regverdig vir ewig:

Nou wat doen ek? Wag vir:

Eendag sal Hy kom—o, daardie glorieryke dag!

127 Ek's. . . Sê: "Laat dit vanaand wees, Here, as dit U wil is, laat dit vanaand wees."

128 Goed. Hoeveel daarbuite nou, reg voor die gehoor, die buurman wat langs jou sit, sê: "Broer Branham, ek het nie die durf om op te staan en soontoe te gaan nie, ek wens ek het gehad. Ek weet ek het nie daardie soort Gees in my nie, die een waarvan jy praat, die soort wat Jesus gehad het, die soort liefde wat Hy gehad het, die soort offer wat Hy gegee het nie. Daardie Gees wat in Hom was, moet in my wees, my saggeaard, sagmoedig, geduld, liefde, lankmoedig, sagmoedigheid laat optree, ek het dit nie, Broer Branham, ek het 'n humeur, ek is nog nooit daarvan gereinig nie. Ek—ek—ek het vertwyfelings in my gemoed"? Daar's iets verkeerd.

129 Sekerlik, wanneer die Heilige Gees inkom, neem Dit die plek in en roei dit alles uit, elke wortel van bitterheid is weg, dan is jy liefdevol teenoor almal, het almal lief, dis hoe jy is.

130 Jy sê: "Ek het dit nie. Ek het nie eens die durf om—om op te staan nie, maar ek het soveel moed oor: Ek gaan my hand opsteek na God, sê: 'God, ek kan nie nou presies vir U staan nie, ek het nie soveel moed nie, maar onthou my, O Here.'" Sal julle julle hande opsteek daar in die gehoor wat nie opgekom het nie? God seën julle.

131 Nou, julle wat hier staan, elkeen van julle. Ek wil hê julle moet ernstig, met julle hele hart weet, dat julle hierdie toewyding gemaak het. Nou, moenie net in die paadjie afkom net omdat dit is, jy net kom omdat: "Wel, ek—ek wil nie hel toe gaan nie." Natuurlik, wil jy nie. "Maar ek het gekom, Jesus, omdat Iets my in my hart geraak het, ek sien wat U vir my gedoen het, en ek het nie dit wat U vereis nie, en ek kom om dit te ontvang, ek wil dit hê." Waarom ontvang julle 'n plaasvervanger? Waarom 'n kerklidmaatskap neem, of—of een of ander klein opwindings, of. . . ?

132 Nou, ek glo in opgewondenheid, en uitroep, en praat in tale, en—en Goddelike genesing, ek glo al daardie dinge, maar dis nie waarvan ek praat nie, ek praat eers van God. Jy kan dit hê en nie vir God hê nie, Paulus het gesê jy kan. Jesus het gesê baie sal

kom en sê hulle het dit gehad, bely dat hulle dit gehad het, maar hulle het dit nie gehad nie. Sien? Dis waar ons te kort skiet.

¹³³ “Ek het liefde nodig, Here, ek het U Gees in my hart nodig om my daardie soort persoon te maak, sag, barmhartig, sagmoedig, nederig, vergewensgesind, dis wat ek wil hê. En Here, ek buig nou my hoof reg voor U om dit te sê: ‘Here, verander my lewe net nou, ek maak myself oop, en sê: “Nou, Here, ek is niks, maar verander U my.” Dit moet U wees, my emosies het my na hierdie altaar toe gebring, maar nou verg dit U Gees om my te verander. Kom, doen dit, Here, kom plaas in my daardie glorieryke verlange.” Dis wat dit is.

¹³⁴ Ek het nou die dag vir ’n man gesê: “O, ek—ek glo Jesus kan nou enige tyd kom.”

Hy het gesê: “Moenie daaroor praat nie, Broer Branham, jy maak my bekommerd.”

Ek het gesê: “Maak jou bekommerd?”

Gesê: “Sekerlik, ek maak nou meer geld as wat ek ooit in my lewe gemaak het, my besigheid is beter.”

¹³⁵ Ek het gesê: “Dan, broer, sê jy jy’s Christen, en sal bang wees vir die Koms van die Here?” [Leë kol op band—Red.] “. . . grootste oomblik waaraan ek kan dink, die Koms van die Here. Dis die grootste ding waaraan ek kan dink.”

¹³⁶ Dis hoekom ek nou hier is, is omdat ek glo Hy kom. Die mees. . . Dis die bekroning van my dae, dis reg, wanneer ek Hom kan sien. “En vir almal wat Sy verskyning liefhet,” het Paulus gesê: “is daar ’n kroon van geregtigheid weggelê,” almal wat Sy verskyning *liefhet*.

¹³⁷ “Kom, Here Jesus, ja, Here, kom nou. Hierdie is die uur, as dit U so behaag, Here.” Dis hoe om daaroor te voel. “En deur my lief te hê, te sterf vir my, begrawe te word vir my: ‘Het Hy deur op te staan, my vrylik regverdig vir ewig.’ Nou soek ek na U om te kom, Here, en ek wil dieselfde soort Gees in my hê as wat U in U gehad het. Ek wil daardie soort Gees hê, dat my vyand se spoeg van my gesig kon afgang, en met my hele hart kon ek sê: ‘Ek vergewe jou daarvoor.’ En ek ander kon vergewe soos—soos God, om Christus ontwil, ons vergewe het.”

¹³⁸ Goed, kom ons buig nou ons hoofde in gebed. (Billy, as jy nie omgee nie, wens ek jy wil hiernatoe kom saam met my, ek wil hê jy moet die na-diens behartig, een van julle, as julle sal.) Nou, terwyl julle julle hoofde buig, wil ek hê julle moet aan God bely dat julle verkeerd was, en julle wil hê God moet julle nou vergewe, en in julle plaas. . . Hoor my, mense, net so seker as wat ek hier staan, wil Hy dit doen.

¹³⁹ Nou kyk, hoe het julle gekom? “Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom eers trek nie.” Waarom staan jy op en kom? Omdat jy geweet het daar was iets verkeerd. Nou is jy by die

altaar waar alle verkeerde reggemaak word, want daar's 'n—'n Offer wat op die altaar lê vir jou. Wat was Dit? 'n Bloeiende Offerande, die Seun van God wat uitroep: "Vader, vergewe hulle; hulle het nie bedoel om dit te doen nie."

¹⁴⁰ Nou, kyk julle Daarna terwyl ons bid, lê julle hande, deur geloof, op Sy hoof. Verbeel julle net nou, julle het verkeerd gedoen, soos in die Ou Testament, het hulle 'n lam gebring, het sy . . . die hande op die lam gesit en die lam se keel afgesny, en kleintjie, soos dit gebewe, en geblêr, en gesterf en bloed wat regoor die aanbidders se hande gegaan het, het hy besef dat dit was . . . hy—hy behoort te sterf, maar die lam het vir hom gesterf. Nou, lê deur geloof, julle hande op die hoof van Jesus, en voel daardie lyding, daardie verlatenheid totdat Bloed en waters geskei het, voel daardie lyding, en sê: "Here God, op grond hiervan, kom ek nou as 'n sondaar, wees my genadig."

¹⁴¹ Dierbare God, soos ek my posisie besef wat hier staan by hierdie heilige lessenaar, ek staan tussen lewe en dood vir mans en vroue wat ek daar oorkant sal moet ontmoet op daardie groot môre. O, ek mag vir iemand bid, hulle sal gesond word, en vergeete, maar, Here, hier's siele op die spel, en ek moet saam met hulle staan sonder enige sweempie twyfel voor die regverdige en lewende God en rekenskap gee vir die bediening.

¹⁴² En hier is hulle, Here, hulle het gekom, omdat hulle geglo het, en hulle—hulle . . . die Heilige Gees het hulle veroordeel dat hulle verkeerd gedoen het, en hulle kom nou om dit reg te maak. En ek bid vir hulle, dis al wat ek weet hoe om te doen, Here, is om te sê wat die Woord hier sê. En nou bely hulle hulle is verkeerd, en as hulle gewillig is om te bely, gaan God vergewe, Hy het dit belowe, en om aan hulle die begeerte van hulle hart te gee, want daar staan geskrywe: "Hy sal die goeie nie weerhou van hulle wat opreg voor Hom sal wandel nie." Hulle wil 'n Gees van liefde in hulle hart hê.

¹⁴³ Vader, ons het soveel geskree gehad, ons het soveel vreugde gehad, ek's bang ons het die hoofsaak vergeet, Here. Soos Elia wat by die bek van die grot gestaan het, die winde en die donderslae gehoor het, maar dit het hom nooit ontstel nie, hy het gewag vir daardie stil klein Stemmetjie.

¹⁴⁴ Here, spreek nou, spreek onder in hulle harte daardie stil klein Stemmetjie, sê: "Kind van My: 'Hy wat na My toe sal kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie.' Ek lê elke sonde wat julle gedoen het op My Eie Offer, My eniggebore Seun. Julle bely omdat julle glo dat Hy die enigste Een was Wat julle kon help, en Hy het dit gedoen, en Hy—Hy—Hy het elkeen van julle regverdig deur Sy lyding, en ek het dit bewys deur Hom op te wek uit die dood. En nou, gee ek vir *julle* daardie Gees wat in Hom was, wat kon vergewe, en kon liefhê, en sagmoedig kon

wees, en lankmoedigheid, en goed, en saggeaard, en vriendelik, en sagmoedig, en lydsaam.” God, skenk dit net nou vir hulle.

¹⁴⁵ En nou, wanneer ek saam met hulle kom, Here, daaronder op daardie Dag, hierdie is al wat ek weet om te doen, is om hulle hiernatoe te bring en U te vra om dit te doen, en my geloof by hulle aan te sluit, dat U dit doen, dat dit alreeds gedoen is, en hulle glo dit, en aanvaar dit net nou in die diepte van hulle hart. Ek bied hulle vir U aan as liefdesgawes, wat die Heilige Gees vanaand na Christus toe gebring het, in die Naam van Jesus Christus.

¹⁴⁶ Nou, met julle hoofde gebuig, en julle voel regtig skaam vir die manier waarop julle opgetree het. Baie van julle het Christelikheid bely en het nog nooit ’n las gehad soos julle moes hê vir verlore siele nie. Miskien het jy kerk toe gegaan, miskien het jy sekere dinge gedoen, goeie dade, maar nou voel jy anders daaroor, jy voel soos jy nou uitgaan dat God iets vir jou hart gesê het, dat jy . . . jy nou meer liefde vir Hom het, jy—jy Hom sien wat Hy is, wat Hy vir jou gedoen het, as jy dit doen, steek jou hand op, almal van julle rondom die altaar, sê: “Ek voel net nou.”

¹⁴⁷ God seën julle. O, dis—dis wonderlik! Eenhonderd persent, sover ek kon sien. Dis reg. Dis reg. Dis niks, nie emosioneel nie, dis om nederig te kom, sagmoedig nader te stap, te luister vir daardie klein Stemmetjie. “Ja, Here. Dan ontvang ek U, Here. Nou glo ek U, ek glo U met my hele hart. Ek gaan vanaand hier weg om nederig, sagmoedig te wees, ek gaan weg vanaand en voel die las in my hart vir verlore sondears. Ek sal vir sondears bid, ek sal alles doen wat ek kan van vanaand af.”

¹⁴⁸ Nou, as die gemeente hulle hoofde oral sal buig, Ek gaan vir Broer Billy Adams vra of hy die diens sal voortsit. 

59-0403 Lewe, Sterwe, Begrawe, Opstanding, Koms
Angelus Tempel
Los Angeles, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. Box 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org